

Besproeiingskoring ideaal in wisselboustelsels

Gewasproduksie is altyd onderhewig aan risiko's. Wisselbou is een van die bestuursaspekte wat ingespan kan word om produksierisiko's te versprei en wat kan help dat produsente op die lange duur meer volhoubaar produseer.

Magda du Toit
MEDEWERKER

WISSELBOU VRA DEEGLIKE langtermynbeplanning asook seisoenale bestuur. Ander faktore wat 'n rol speel is die klimaat en gepaardgaande alternatiewe gewasmoontlikhede, tegniese kennis, grondbewerkings en meganisasie. Gewasbeskerminsprodukte wat op gewasse binne die totale program gebruik word, moet ook in ag geneem word omdat dit 'n uitwerking op opvolggewasse kan hê.

In 'n wisselboustelsel kan gewasdiversifikasie sekere risiko's verlig. Natuurlik moet marges in ag geneem word want uiteindelik moet die hele stelsel tot die produsent se winsgewendheid bydra. Elke produsent sal 'n stelsel vir sy/haar plaas en klimaatsomstandighede moet ontwerp en vasstel of dit suksesvol is.

Wisselbou kan help om die opbou van spesifieke onkruid, peste en plaeg asook siektes in die grond te verminder. Afhangende van die bewerkingsmetodes, kan dit ook op die lange duur 'n rol speel om die fisiese toestand van die grond te verbeter. Een van die redes waarom opbrengste van somergewasse jaar na jaar toeneem, veral onder besproeiing, is omdat produsente hulle praktyke aanhoudend optimaliseer. Ongelukkig, soos die opbrengste verhoog, vermeerder die peste en plaeg ook en daarom is dit krities dat die lewensiklusse van hierdie peste en plaeg met 'n wisselboustelsel onderbreek word. Koring is die ideale gewas vir hierdie doel.

Baie gewasse se bydrae tot die dikte van die produsent se beursie aan die einde van die seisoen word dikwels in isolasie beoordeel. Dit is egter raadsaam om 'n gewas te evalueer deur te bepaal wat die gewas se gesamentlike bydrae binne die wisselboustelsel is.

Koring as opvolggewas

Afhangende van hoe gewasse mekaar binne die wisselboustelsel opvolg, kan sekere gewasse voordeel trek ten opsigte van opbrengs en graankwaliteit binne die gewasopvolgprogram.

Besproeiingskoring het 'n belangrike plek in wisselboustelsels saam met somergewasse soos soja, droëbone, mielies en katoen of gars in die besproeiingsgebiede van Suid-Afrika. Om die vaste koste van 'n spilpuntstelsel tussen gewasse te verdeel, is 'n alternatiewe gewas nodig wat geplant kan word direk ná die somergewas gestroop is. Koring is die ideale alternatief onder besproeiing.

Kultivarkeuse is van die belangrikste besluite wat produsente



Sensako gebruik proefpersele in verskillende produksiestreke om kultivars aan te pas en te verbeter. Foto: Sensako.



Ná saadvermeerdering vir kommersiële aanplantings word gepoog om kultivars vir bepaalde streke in die regte hoeveelhede beskikbaar te stel.

jaarliks moet neem. Aspekte soos die opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid, stabiliteit, graangehalte, staanvermoë en siekteverdraagsaamheid bepaal die keuse van 'n kultivar. Sensako het verskeie variëteite vir besproeiingskoring wat geskik is vir 'n wisselbou- en oorlêstelsel, maar ook vir monokultuur indien dit vir 'n produsent 'n beter opsie bied.

Sensako se produkte word ontwikkel binne die beginsels van vooruitgang met navorsing. Alle nuwe produkte word eers deeglik binne navorsings-, laboratorium- en veldtoestande getoets voordat dit in die mark geplaas word. In hierdie proewe word Sensako se produkte teen sy eie, ander maatskappye en die markleier in die segment se produkte getoets. Volgens dr Francois Koekemoer, direkteur van navorsing by Sensako, word sowat 40 tot 50 verskillende eienskappe van 'n variëteit op verskeie vlakke in die keuringsproses getoets.

NA BLADSY 23



Kleingraan se handleidings vir 2021 beskikbaar

LNR-Kleingraan stel jaarliks produksiehandleidings vir kleingraan in Suid-Afrika saam. Dit bevat omvattende inligting rakende alle aspekte van kleingraan. Die jongste opgedateerde handleidings vir verskillende produksiegebiede is nou beskikbaar.

Hestia Nienaber

LNR-KLEINGRAAN, BETHLEHEM

DIE KULTIVARINLIGTING in Kleingraan se handleidings word jaarliks opgedateer sodat kleingraanprodusente ingeligte besluite kan neem. Met hierdie kennis kan produsente hulle wins optimaliseer deur die korrekte kultivarkeuse te maak. Die handleidings plaas klem op die verskillende kultivars en produksiepraktyke vir die spesifieke gebiede.

Kultivars word onder meer gekies deur agronomiese eienskappe, siekteweerstand, fisiologiese toleransie en insekweerstand in ag te neem. Die regte keuse kan bydra tot laer insetkoste en die bestuur van maandelike risiko's. Die handleidings is ook nuttig vir ontwikkelende kommersiële boere wanneer opleiding verskaf word.

Die handleidings is in Engels en Afrikaans beskikbaar en bestaan uit afsonderlike handleidings vir die somer- en winterreëengebiede. Aangesien die meeste produsente en mense wat die inligting benodig slimfone en ander tegnologie het, is besluit om die handleidings vanjaar slegs aanlyn beskikbaar te stel.

Die handleidings kan gratis besigtig of afgelaai word by die volgende webtuiste:

<https://www.arc.agric.za/arc-sgi/Pages/ARC-SGI-Homepage.aspx>

Skakel gerus vir Hestia Nienaber rakende enige navrae oor die produksiehandleidings by 058 307 3420 of e-pos deweth@arc.agric.za.

Besproeiingskoring ideaal in wisselboustelsels

VAN BLADSY 20

Sensako beveel 'n kultivarpakket aan vir goeie risikoverspreiding. Die besproeiingskoringspakket kan uit die volgende produkte gekies word.

SST 884

SST 884 is 'n medium-kort groeier met uitstekende opbrengspotensiaal en graankwaliteit. Omdat dit 'n medium tot kort groei-periode het, kan dit water en elektrisiteitsbesparings te weeg bring. Die variëteit is wyd aangepas en kan in al die besproeiingsgebiede in Suid-Afrika vroeg of laat geplant word. Wanneer die risiko groot is vir laat koue en ryp, is hierdie maandelik die ideale keuse omdat die plantdatums aangepas kan word.

SST 8156

SST 8156 is 'n hoëpotensiaal semi-dwergkultivar met 'n medium groei-periode wat wyd aangepas is vir vroeë en middelseisoenaanplantings. Dit bied goeie uitloopweerstand asook matige weerstand teen stam- en geelroes. SST 8156 se pitvastheid is goed en die graangehalte is baie goed.

SST 8135

SST 8135 is 'n hoëpotensiaal semi-dwergkultivar met 'n medium tot kort groei-periode – 'n nuwe wenner vir alle besproeiingsgebiede met uitstekende graankwaliteit wat in die middel- of laatseisoen geplant kan word. SST 8135 bied 'n



Vir 'n kultivar se keuring word sowat 40 tot 50 verskillende eienskappe op verskeie vlakke in die keuringsproses getoets.

Foto – Sensako.

uitstekende opbrengspotensiaal en het 'n baie goeie staanvermoë met weerstand teen fusarium-aarskroei en weerstand teen geelroes.

SST 895

Hierdie kultivar wat onlangs vrygestel is, is aangepas vir middel en laat plantseisoen-aanplantings in die warmer- en koeler besproeiingsgebiede. Dit is 'n kultivar met 'n medium-kort groei-periode en bied uitstekende opbrengspotensiaal. SST 895 het 'n uitstekende wortelstelsel wat water- en voedselopname bevoordeel. Dit beskik oor die "Stay Green"-eienskap wat dit baie meer verdraagsaam maak teen droogtetoestande en fotosintese bevoordeel. SST 895 is ook geskik vir 'n lente-droëlandaanplanting in die Oos-Vrystaat.

Vir meer inligting kontak Pieter Craven by 082 388 0299. [#Sensako](#) [#SensakoEffect](#)